

Mediaverkalring

AgriSA en die ISS span kragte saam vir 'n bewysgegronde benadering tot landelike veiligheid

AgriCulture South Africa (AgriSA) en die Instituut vir Sekerheidstudies (ISS) het 'n Memorandum van Verstandhouding (MvV) onderteken wat 'n werkverhouding formaliseer wat oor die afgelope jaar ontwikkel het. Die ooreenkoms maak voorsiening vir die insameling, deel en gesamentlike verslagdoening van data oor landelike misdaad, en kombineer die reikwydte van georganiseerde landbou met die onafhanklike navorsings- en ontledingskundigheid van een van Afrika se voorste institute wat in veiligheid, misdaad en strafregnavorsing spesialiseer.

Openbare debat oor misdaad op plase word dikwels deur uiteenlopende syfers en sterk gevestigde narratiewe beïnvloed. Betroubare data en onafhanklike ontleding kan 'n gemeenskaplike grondslag bied om die omvang en aard van landelike misdaad beter te verstaan, voorkomingspogings te versterk en die staat se optrede te beoordeel.

Albei organisasies benader landelike veiligheid vanuit 'n gemeenskapsperspektief. Misdaad wat plase raak, kan nie los van die breër veiligheid van omliggende landelike dorpe en gemeenskappe beskou word nie. Boere, plaaswerkers, landbou-ondernemings en ander inwoners van landelike gebiede word daardeur geraak, terwyl doeltreffende voorkoming afhanklik is van plaaslike polisiëring, samewerking tussen gemeenskappe en die polisie, asook gestruktureerde en verantwoordbare inisiatiewe om gemeenskappe te beveilig.

Deur die vennootskap sal AgriSA en die ISS tendense en patrone in landelike misdaad ontleed om die faktore wat misdaad en geweld in landelike gebiede aandryf, beter te verstaan. Die bevindinge sal gebruik word om praktiese voorkomingsmaatreëls te rig en bewysgebaseerde skakeling met die Suid-Afrikaanse Polisie en die regering oor die nasionale reaksie op landelike veiligheid te ondersteun.

“Landelike veiligheid vereis dat ons verby uiteenlopende statistieke beweeg en fokus op wat die bewyse vir ons sê. AgriSA bring die ervaring en reikwydte van georganiseerde landbou, terwyl die ISS vir onafhanklikheid, navorsingsnoukeurigheid en diepgaande kundigheid oor misdaad en geregtigheid sorg. Saam wil ons dié kennis omskep in praktiese ingrypings wat die veiligheid verbeter van die mense wat in landelike gemeenskappe woon en werk,” sê Johann Kotzé, uitvoerende hoof van AgriSA.

“Om landelike misdaad te verstaan, vereis beide betroubare inligting vanuit gemeenskappe en deeglike ontleding. Georganiseerde landbou beskik oor toegang tot kennis en ervaring uit landelike gebiede wat moeilik deur konvensionele databronne alleen verkry kan word. Deur dit met onafhanklike navorsing te kombineer, kan ons patrone van geweld beter verstaan, bepaal wat werk om dit te voorkom, en

identifiseer waar die reaksie van gemeenskappe, die polisie en ander instellings versterk kan word,” sê Lizette Lancaster, hoof van die ISS se program vir geregtigheid en die voorkoming van geweld.

Dié vennootskap bring onafhanklike navorsing en landelike ervaring bymekaar met een doel voor oë: veiliger gemeenskappe regoor Suid-Afrika.

Navrae:

AgriSA: Jason Kumm: jason@agrisa.org.za

ISS: Lizette Lancaster: llancaster@issafrica.org

